# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

**29 Maart 2012**
**Jaargang 5 – Uitgawe 9**


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Paasfees
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad
- Aanhangsel


**Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

# VOORBLAD

## Hoe lyk dit in die binnekring?

**Heel aan die begin van sy openbare optrede maak Jesus vir Hom 'n groep volgelinge bymekaar. Wie was hierdie mense? Soos ons kan aflei, was hulle meestal gewone mense, nie vername of belangrike figure in die samelewing nie.**

Geen reine lot nie, met ander woorde. Mense soos ons, elk met hul eienaardighede en persoonlikheid. Geroep vir 'n taak: om die boodskap uit te dra dat God se verlossing geld vir alle mense, nie net rykes en vernames nie. Selfs siekes en sondaars en mense met gebreke wat nie in die tempel toegelaat is nie, was by Jesus welkom.

Wat is die belang van die getal 12? Dit is die eerste getal wat behoorlik deelbaar is. Dit het veroorsaak dat die getal 12 van vroeg af vir wiskundiges en sterrekundiges nuttig was. Die hemelruim is verdeel in 12 gebiede; die maande van die jaar is 12; die Grieke en Romeine het 12 gode; die Jode het 12 stamme vernoem na die 12 seuns van Jakob; die Perse en Christene glo hul redder het 12 dissipels gehad; die Shi'a Moslems glo na Mohammed is daar nog 12 Imams. Pythagoras, die beroemde Griekse wiskundige, het gesê 12 het magiese en mistieke betekenis.

Die getal 12 blyk dus 'n verteenwoordigende getal te wees, aanduiding van 'n effektiewe geheel. Ons weet Jesus het baie meer volgelinge gehad, maar hierdie 12 word uitgesonder as die kern.

Maar een van hierdie groep, een uit die binnekring, was vals. Die vertelling sê dit was tydens die voorbereiding vir die Pasga dat Judas Iskariot besluit het om Jesus te verraai. Ons kan net vermoed dit het met sy politieke oortuiging te doen gehad. Toe dit blyk dat Jesus nie die volk gaan mobiliseer om met geweld die Romeinse juk af te gooi nie, maar eerder met liefde en deernis na mense omsien, het Judas ontnugter geraak en besluit om hom te verraai.

Natuurlik moes Jesus Judas se vreemde gedrag raakgesien het – sy afsydigheid en onverklaarde afwesighede. Daarom sê Hy by hierdie laaste ete waar hulle saam is: Een van julle gaan my verraai. Dit is nie 'n identifisering nie. Hy wys nie een spesifiek uit nie. Dit is een van hulle wat die intimiteit van sy tafel deel, wie se hand saam met syne in die skottel is om met die brood sous te skep. Een uit die binnekring. Verraad is net verraad as dit uit die binnekring kom. Daar waar dit die seerste maak. Verraad is om te sê: niks wat jy as kosbaar beskou, maak vir my saak nie.

Waar staan ons ten opsigte van die vertelling? Ons hand is ook in die skottel, ons is deel van die binnekring. Hoe lyk dit by ons? Is dit gesond? Of is ons halfhartig in die saak? Het ons ander agendas? In die aanloop tot Goeie Vrydag moet elkeen vir hom- en haarself hiervan rekenskap gee, soos die gedig op bladsy 2 sê.

**Dr Piet van Staden, Stellenbosch/Worcester**

*** Daar sal nie op Donderdag 5 April 'n uitgawe van die *e-Hervormer* wees nie. Die volgende uitgawe verskyn op Donderdag 12 April.

**Skakels**

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
*Die Hervormer* **www.hervormer.co.za**
*e-Hervormer* **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

# PAASFEES

**Die Man van Smart**

Unus! Duo! Tres! tel die keiser se soldaat die sware hamerslag
wat lang spykers deur senings en gewrigte in die balk indryf
tot daardie stomme hout met diep kreune protesteer.

Met ongeërgde reëlmaat tel hy soos ’n kind die wrede gang;
klief die koue yster hiel en enkel in sy taak om vonnis te voltrek;
die Wie? en Waarom? traak hom min – hý laat net maar reg geskied.

So word met die tel van een tot tien
’n Hoër Reg voltrek op Golgota se bult,
as die Man van Smart ontslae raak van alle skuld.

Wie is nou die een wat ongeërg met tel en kap die waarheid rek?
Die vinger skryf vir elkeen om te lees: Dis jy en ek!

**Dr Piet van Staden, Stellenbosch/Worcester**

# BEROEPE EN STANDPLASE

Ds Herman Meyer

Ds Maryka Potgieter

Prop Steve Oxton

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

## Beroep ontvang

- **Ds Herman Meyer** van Jeffreysbaai (deeltyds) na Steelpoort (volsorg)
- **Ds Maryka Potgieter** van Swartkop (benoeming) na Rooihuiskraal (deeltyds)

## Beroep aanvaar

- **Prop Steve Oxton** na Silverton (volsorg)

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Ds Gys en Lishje Els

- Gemeente Brackenhurst Seester het op Sondag 25 Maart saam met **ds Gys en Lishje Els** hul 25 jaar in die gemeente gevier met ’n spesiale lofprysingsdiens en ’n ete daarna.

- Die volgende aansoeke om emeritaat is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) goedgekeur:
  - **Ds Wessel Swart** van Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies op 30 April 2012; die akte van emeritaat word aan hom gestuur.
  - **Prof PM Venter** van die Fakulteit Teologie op 29 Februarie 2012; die akte word aan hom oorhandig tydens sy emeritaatgeleentheid.
  - **Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen** van Gemeente Witfield se vervroegde emeritaat op 30 April 2012; sy voorgenome werkooreenkoms met die gemeente is ook goedgekeur.

Ds Arie Kuyper

- Ander besluite rakende individuele predikante is die volgende: **Ds Almero Oosthuizen** van Meyerton-Suid is met onmiddellike effek en op sy eie versoek uit die amp onthef; **ds Johan Holtzhausen** van Orkney word vanaf 29 Februarie 2012 van sy standplaas losgemaak; **ds Joseph Steÿn** se aansoek om vanaf 31 Maart 2012 op onbetaalde studieverlof te gaan, is goedgekeur.

- **Ds Arie Kuyper** van Gemeente Villieria woon die **Christian Reformed Churches of Australia** (CRCA) se sinodebyeenkoms by die Christian Reformed Church in Blacktown, New South Wales by, van Maandag 7 tot Vrydag 11 Mei. **Ds Dries Beukes en dr Wim Dreyer** ondersoek tans die bedieningsmoontlikhede in Australië en Nieu-Seeland.

- Die Kommissie van die AKV het die Kuratorium se versoek toegestaan dat die **legitimasie van finalejaar teologiestudente** voortaan tydens die Kommissie se Novembervergadering plaasvind.

- Die Kommissie van die AKV het die volgende predikante vir die res van die termyn (tot en met 5 Junie 2013) aangewys as verteenwoordigers van die Hervormde Kerk in die **streekkomitees** van die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika**: **Ds Jasper van der Westhuizen** van Vryburg as primarius geordende verteenwoordiger in die Streekkomitee van Noord-Kaap in die plek van ds Hennie Pretorius; **ds Chris Viljoen** van die CSO as sekundus geordende verteenwoordiger in die Streekkomitee van KwaZulu-Natal (Suid) in die plek van dr Wimpie van Schoor; **dr Hein Delport** van Krugersdorp as primarius geordende verteenwoordiger in die Streekkomitee van Gauteng in die plek van ds Tony Simpson; **ds Wouter van Wyk** van Verwoerdburg in die plek van dr Hein Delport as sekundus geordende verteenwoordiger in die Streekkomitee van Gauteng; **ds Colin Hertzog** as addisionele lid van die Komitee vir Bybelverspreiding in die plek van ds Marthinus van Staden van Gaborone.

- Die volgende besluite is oor individuele gemeentes geneem: Die tweede standplaas van **Gemeente Meyerspark** word opgehef; **Gemeente Wolmaransstad** se tweede voltydse standplaas word gewysig na ’n deeltydse standplaas; **Gemeente Derdepoort** se aansoek om hul volsorgstandplaas na deeltydse versorging te wysig, is goedgekeur; **Gemeente Montana** se aansoek om uitstel van beroepswerksaamhede is vir ’n verdere drie maande goedgekeur; **Gemeente Vanderkloof** se aansoek om vir ’n verdere 12 maande van ds LJ (Sakkie) Meyer se dienste as pastorale hulp gebruik te maak, word goedgekeur.

Ds Theuns Botha

- Predikante wat kans sien om **’n Sondag in Harare** te preek, word versoek om met **ds Theuns Botha** te skakel by **camelhors@gmail.com** of tel 00263 777008324. Ds Botha hou een erediens per maand in Harare, en die gemeente wil graag meer predikante uitnooi om by hulle te kom preek. Indien die ring of gemeente nie die koste kan dra nie, is die gemeente bereid om daarmee te help. ’n Gemeentemotor is beskikbaar en huisvesting word gereël. Predikante hoef net die Sondag die erediens waar te neem. Vliegkoste wissel, maar beloop ongeveer R4 500 per besoek. Die gemeente spreek sy dank en waardering uit teenoor die Kerk vir hulp en bydraes in die verlede, veral ook SENTIK se bydrae van die *Almanak* vir die lidmate van Zimbabwe.

- Die **derde preekskets**, deur **prof Piet Geyser**, is op **Woensdag 28 Maart** aan predikante gestuur. Die preeksketse is ’n hulpmiddel vir predikante, en nie ’n volledig uitgewerkte preek nie. Predikante en gemeentes kan dit byvoorbeeld moontlik gebruik in gesprekke met eredienswerkgroepe, ouderlingevergaderings of Bybelstudiegroepe. **Lidmate** kan gaan na **www.nhk.co.za** (of **www.nhka.org**) → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting en ’n paar vrae oor die betrokke teksgedeelte wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- **'n Ondersoek oor die volgende tendense in gemeentes is op versoek van die Kommissie van die AKV deur dr Fanie Pretorius onderneem:**

  Dit wil voorkom of daar nog heelwat gemeentes gaan wees wat die volgende 10 tot 20 jaar hul standplase *afwaarts* gaan wysig. Daar is heelwat gemeentes wat deur ontvolking bly verklein. Al hoe meer lidmate raak kerklos, en 'n persentasie verlaat steeds die Kerk. Die instandhouding van **volledig versorgde standplase** sal elke jaar onder groter druk kom. Verder blyk dit dat predikante van 50 tot 55 jaar oud nie meer beroepe kry nie al is hulle skitterende predikante met baie ervaring wat vir 'n gemeente baie kan beteken. Gemeentes is eerder bereid om die waagstuk met jonger predikante aan te gaan – dit gaan bloot oor bekostigbaarheid.

  Predikante sal toegerus moet word om ook 'n ander werk te kan doen. Daar moet ook deeglik gekyk word na die skeidslyne tussen **gedeeltelike versorging** en **deeltydse bediening**, en duideliker riglyne vir gemeentes en predikante moet gestel word. Tans bepaal die Kerkorde dat 'n predikant in 'n standplaas met deelversorging nie 'n ander werk mag doen nie. Is dit regverdigbaar dat 'n predikant volledig moet werk en net gedeeltelik vergoed word?

  Die besluit van die AKV (wat reeds by die 66ste AKV geneem is en weer bekragtig is by die 69ste AKV) dat **emeriti** in gemeentes mag werk as pastorale hulp is 'n goeie besluit waarby gemeentes en emeriti baat. Duideliker riglyne daaroor is egter nodig.

- Die Kommissie van die AKV het bevestig dat die Hervormde Kerk formeel met **VONKK en FLAM** (wat binne die raamwerk van die NG Kerk val) sal meewerk om **nuwe kerkliedere** te help skep. Die Kerkliedkomitee en die Komitee vir Kontemporêre Liedere (Jeugliedkomitee) word versoek om liedere vanuit hierdie forums, en liedere wat onafhanklik by die CCLI geregistreer word, te evalueer vir aanbeveling aan die 70ste AKV. Liedere wat so oorweeg is, kan wel in die Kerk gesing word, maar kan eers na goedkeuring deur die AKV deel uitmaak van die Hervormde Kerk se liedereskat. Om die liedere te kan gebruik, is dit noodsaaklik om die nodige lisensies by CCLI uit te neem. Dit is moontlik om 'n lisensie (nuwe lisensies en hernuwings) teen 33% afslag te bekom by CCLI. Die liedere sal egter nie in 'n boekie gedruk kan word nie, want die Kerk sal nie die regte daarvoor hê nie.

- 'n Nuwe publikasie, *So glo ons*, met die **Reformatoriese belydenisskrifte en die ekumeniese simbole**, het pas by SENTIK verskyn. Dit kan teen **R50** per eksemplaar (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel bestel word. Kontak haar by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

- **Gemeente Chrissiesmeer** word **120 jaar oud op 6 April 2012**. Die hoeksteen van die kerkgebou is op 20 April 1892 deur oudl (genl) FG Joubert gelê. Enigeen wat beskik oor foto's, inligting en vertellings kan die skriba, Theuns van de Vyver, kontak by 072 376 1403 of **theunsvdv@vodamail.co.za**.

- **Gemeente Eendracht** word **100 jaar oud op 20 April 2017**. Enigeen wat beskik oor foto's en/of inligting, veral oor die jare voor 1970, wat in 'n feesbundel opgeneem kan word, kan ds Werner Olivier kontak by 082 412 7144, 017 683 0067 of **werner.olivier69@gmail.com**.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade

en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

## Spesiale eredienste

- **Gemeente Chrissiesmeer: Feesrede vir 120ste bestaansjaar**
  **Sondag 1 April om 11:00**
  Diens deur dr Frans Boshoff
  Navrae aan die skriba, Theuns van de Vyver
  072 376 1403 of **theunsvdv@vodamail.co.za**

- **Gemeente Secunda: Dankdiens en Nagmaal**
  **Sondag 15 April**
  Na inwyding van saal en jeugkompleks (sien basaarinligting bladsy 7)
  Skakel 017 631 2796 (Ma-Do 09:00-13:00) vir meer inligting

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Eeufeesviering**
  **Sondag 22 April om 09:00**
  Kerkgebou vanjaar 100 jaar oud
  Erediens en ete daarna
  Alle oudlidmate welkom
  Laat weet Gerda by 013 932 2929 (Di-Do 08:00-16:00) as u gaan bywoon

- **Gemeente Kruin: 25-jaar-viering vir ds Kobus Pienaar**
  **Sondag 13 Mei**
  Gelukwense deur oudl Pieter de Bruyn van die Kommissie van die AKV
  Navrae aan **nhkkruin@gmail.com**

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 April, en word hartlik geluk gewens.**

  | | |
  |---|---|
  | o Donderdag 29 Maart: | Di Jan-Harm Barkhuizen (Weskus), Petri van Rooyen (Joachim Prinsloo/Ruskoppies) en dr Frans Boshoff (emeritus) |
  | o Vrydag 30 Maart: | Ds Thomas Dreyer (Durban) |
  | o Sondag 1 April: | Prop Annalize Rossouw (beroepafwagtend) |
  | o Maandag 2 April: | Dr Ananda Geyser-Fouché (beroepafwagtend) |
  | o Dinsdag 3 April: | Ds David Barnard (Magaliesmoot) |
  | o Woensdag 4 April: | Ds Stephan Botha (Klerksdorp-Oos Môrester) |
  | o Donderdag 5 April: | Di Willem Barnard (Stilfontein) en Tanya van Wyk (beroepafwagtend) |
  | o Vrydag 6 April: | Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen (Witfield) |
  | o Saterdag 7 April: | Di Corné Lemmens (Villieria), Frans Redelinghuys (Sasolburg) en dr Hennie van Deventer (emeritus) |
  | o Sondag 8 April: | Ds Marius Bacon (El-Flora) |
  | o Woensdag 11 April: | Ds Gys van R Els (Brackenhurst) |
  | o Donderdag 12 April: | Ds Paul Janse van Rensburg (Primrose) |
  | o Vrydag 13 April: | Prof Alex Antonites (emeritus), di Theuns Botha (emeritus), Nardus Enslin (Rustenburg-Kloof) en Gerrie Grobler (emeritus) |

## Beplande vergaderings

- Woensdag 11 April: Dagbestuur van die Kinderhuise
- Vrydag 13 April: Kommissie van die AKV

## Konserte en feeste

- **Saterdag 14 April: NHSV Losberg in Fochville**
  **Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie**
  In die Burgersentrum
  R100 vir volwassenes, R50 vir laerskoolkinders
  Kontak Sannietjie Boshoff by 018 771 2617

- **Sondag 3 Junie om 15:00: Gemeente Nelspruit**
  **Songs of Praise**
  Met Richard Cock
  Kerkgebou, Belladonnastraat 120, Nelspruit
  Toegang R75
  Bespreek by kerkkantoor (013 741 1455), kaartjies ook by deur beskikbaar
  Navrae by 082 460 8252

**Ons lewer uitstekende diens teen billike tariewe. Troupakkette vanaf R4 500 vir 2 fotograwe.**

## Sportbyeenkomste

- **Saterdag 21 April: Gemeente Mafeking: Gholfdag**
  Plek: Leopardpark Gholfklub
  Formaat: *Betterball Scramble Drive*
  Inskrywings: R180 per speler (sluit ete in)
  Meer as R12 000 in prysgeld!
  Navrae: Leon van der Westhuizen (082 300 4947)
  of Chris Muller (074 176 8457)

- **Saterdag 21 April: RDV Laeveld: Gholfdag**
  In die mooi omgewing van Tzaneen
  Skakel Hendrik van Schalkwyk by 082 443 3864

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Potchefstroom Die Wilge: Vleisverkoping**
  Aanbod aan gemeentes in Pretoria
  Maalvleis: R51/kg
  Wors: R53/kg
  Afleweringsdatum: **Donderdag 26 April** om 11:00
  By Gemeente Theresapark
  Bestellings per gemeente moet bó 5 kg wees
  Maalvleis en wors sal in 500 g gevriesde verpakkings gelewer word
  Plaas u bestellings **vóór of op Donderdag 12 April**
  by die gemeentelike kerkkantoor (018 297 4394)
  (Di en Do van 8:00-13:00)

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  **Sluitingsdatum 31 Mei 2012**
  Kaartjies R50
  Wen een van 3 groot pryse
  Geborg deur FNB Tzaneen,
  AMC Classic se plaaslike agent, Ria Lourens (083 727 3951),
  VW Lannie Motors Tzaneen,
  en skenkings van lidmate en weldoeners
  Pryse vir jagters, kokke én tekno's!
  Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
  Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
  Prys 3: iPad ter waarde van R6 500
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012**
  **Julievakansie**
  31ste jaarlikse fietstoer van die studentegemeente
  40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid
  Begin in Pretoria, dan na Gemeente Kempton Park-Oos
  Hulle was vensters, dra inkopiesakkies, dans, sing, lê voor mense se motors...
  Enigiets wat jou laat lag en laat bydra
  Borge baie welkom!

  30 Junie Pretoria
  1 Julie Kempton Park
  2 Julie Drie Riviere
  3 Julie Vanderbijlpark
  4 Julie Sasolburg
  5 Julie Parys
  6 Julie Toernaweek
  9 Julie Welkom
  10 Julie Wolmaransstad
  11 Julie Klerksdorp
  12 Julie Potchefstroom
  13 Julie Krugersdorp
  14 Julie Pretoria

  Navrae? Borgskappe? Wil u saam kom fietstrap?
  Kontak Fanie Willers (toerleier): **fanie.willers@gmail.com** of 072 494 8735
  Lizaan Britz (ondertoerleier/bemarking): **lizaanbritz8@gmail.com**
  of 076 315 4218
  E-pos: **philadelphia@nhk.co.za**. Webwerf: **www.philadelphia.co.za**

## Basaars en markte

- **Saterdag 31 Maart: Diakonie van Gemeente Losberg in Fochville**
  **Boeremark**
  Op kerkterrein
  Stalletjies te huur teen R100 en R150 met krag
  Markte ook op 5 Mei, 30 Junie, 4 Augustus,
  8 September, 29 September en 1 Desember
  Besonderhede en bespreking by kerkkantoor (018 771 2617)

- **Saterdag 7 April: Gemeente Naboomspruit: Basaar**
  Gewilde vleisstalletjie, witolifanttafel, veiling
  Met kunstenaars Chris le Roux en Jeanette
  Navrae aan Lena by 014 743 1325

- **Saterdag 14 April vanaf 09:00: Gemeente Secunda**
  **Ingebruikneming van saal en jeugkompleks**

Lintknipseremonie en minibasaar
Oudlidmate en belangstellendes welkom
Vanaf 16:00 osbraai
Verwittig sekretaresse by 017 631 2796 (Ma-Do 09:00-13:00) as u gaan bywoon

- **Woensdag 18, Donderdag 19 en Vrydag 20 April: Gemeente Vryburg**
  Gemeente beman ’n skoustalletjie
  Benodig 120 sakkies aartappels en 40 sakkies uie
  Is daar ’n groenteboer wat kan help?
  Asseblief teen ’n goeie prys of dalk as skenking
  Kontak ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555 of 053 927 1379
  of **jpcvdw@lantic.net**

- **Saterdag 21 April: Gemeente Koster: Minibasaar**
  07:30 tot 14:00 op kerkterrein
  Vermaak vir groot en klein
  Plaasontbyt, teetuin, vleis, tuisgebak, ens
  Navrae aan **elmie@bafokeng.com**

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Potchefstroom: Noordwes Motorskou**
  Op Kerkplein in Potchefstroom van 07:00 tot 15:00
  20ste keer!
  Meer as 350 ou motors, talle vlooimarkstalletjies
  Kosstalletjies met heerlike kos
  Toegang R15 per persoon
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Vaalharts**
  **Vaalharts-kontreifees**
  In Hartswater, Noord-Kaap
  Marathon en halfmarathon
  Bergfietswedren: 30 km en 60 km
  Kontak Riaan Esterhuizen by 082 453 6889
  **Jagkompetisie: Trekking 1 Mei tydens fees**
  1ste prys: 1 waterbokbul, rooihartbeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  2de prys: 1 gemsbokbul, 2 springbokke en 2 rooibokke
  3de prys: 1 blouwildebeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  4de prys: Naweek vir ’n gesin op ’n wildplaas – selfsorg
  Wildplaas in Hartswater-omgewing
  Jagters: Geen dagfooie; selfsorg
  Slegs 500 kaartjies beskikbaar teen R200 elk
  Kontak Gerrit Staats by 082 414 9643

- **Saterdag 5 Mei: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Geniet die gasvryheid van die platteland
  Vars vleis, biltong, braaivleis, pannekoek, nagereg, tuisgebak...
  Navrae aan Elize van Jaarsveld by 017 778 0921

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  **Basaar en kontantfondsinsameling**
  Kaartjieverkope met pryse te wen
  Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
  en kry laaste 5 kaartjies gratis
  Trekking 25 Mei tydens basaar
  1ste prys: R10 000 kontant
  2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
  Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of ’n slagskaap
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
  of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

Ester

*Leef met moed in 'n uitdagende wêreld*

**Prys: R55,00**

'n Fassinerende verhaal oor Ester en haar volk – met vele kinkels en kabels, gelukkige en vreesaanjaende oomblikke, gevaarlike en dodelike uitkomste. Geen voorbereiding nodig vir kleingroepstudie nie.

e-aankope: ***www.bybelmedia.co.za***

BYBEL-MEDIA

# ANDER NUUS

- **VAKATURE: Rekenmeester (kontrakaanstelling van 2 tot 3 jaar)**
  Die Sinodale Kantoor van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nooi geskikte kandidate om aansoek te doen.

  **Minimumvereistes**
  - BCom of gelykwaardige kwalifikasie.
  - 5 jaar toepaslike ervaring.
  - Rekenaarvaardigheid in *Microsoft Office*.
  - Bestuursvaardigheid met *Accpac* en *Pastel* uitset wat die ontwikkeling en interpretasie van bestuursinligting insluit.
  - Werkbare kennis van toepaslike wetgewing, byvoorbeeld NKW, WBTI en Inkomstebelasting.
  - Uitstekende kommunikasievaardighede in 'n verskeidenheid situasies en voorleggings.
  - Geldige rybewys.

  Dit word van die kandidaat verwag om as spanlid te funksioneer en, in die besonder, binne die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tuis te voel. 'n Onderhandelbare vergoedingspakket wat verpligte lidmaatskap aan die personeelpensioenfonds en mediese fonds insluit, word aangebied.

  **Sluitingsdatum vir aansoeke is 16 April 2012**. Rig volledige CV aan:
  Afdeling Mannekrag
  Mev Susan Moore
  Posbus 2368
  Pretoria 0001
  **mannekrag@nhk.co.za**
  012 322 8885
  Faks: 012 322 7909

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers by:
  - Brakpan
  - Krugersdorp
  - Potchefstroom
  - Vanderbijlpark.

  By die Pretoria- en Lydenburg-kantoor is poste vir Afrikaanssprekende, gekwalifiseerde Hulp-maatskaplike-werkers wat oor 'n geldige rybewys beskik. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **BYBELGENOOTSKAP**
  - **Motorfiets-ontbytrit om Bybels te borg**
    **Sondag 1 April om 09:00 vanaf Radio Laeveld**
    Fauriestraat, Mbombela
    Ongeveer 120 km deur mooiste natuurskoon
    Span uit by Cradle of Life-sentrum by Badplaas
    Elke deelnemer koop as *inskrywingsgeld* een of meer Bybels
    Word versprei onder Mbombela-gemeenskap
    Kontak Francois Sieberhagen by 011 970 4010 of 083 389 0708

  - **Word Riders besoek Noord-Kaap**
    **Saterdag 14 April**
    Motorfietsryers uit Bloemfontein vertrek op reis deur Noord-Kaap
    Besoek skole in minderbevoorregte dele
    Deel Bybels uit aan graad 7-leerlinge
    Kontak Bybelgenootskap by **biblia@biblesociety.co.za** om betrokke te raak

- **TOIBO: Transvalia 40-jaar-reünie**
  **Saterdag 5 Mei 10:00-16:00**
  Transvalia-skool vir Epileptici en Leergestremdes
  R120 per persoon, R20 vir kinders onder 12 jaar
  Middagete, uitstallings, opvoering deur huidige leerders, kindervermaak
  Skakel skoolkantoor voor 20 April by 012 800 1071
  en laat weet hoeveel persone reünie gaan bywoon
  Inbetaling by bank of per internet
  Merk betaling duidelik met jou naam en die woord REÜNIE
  ABSA Derdepoort, takkode 33-52-45
  Tjekrekening nommer 1430-840-203
  Alle oudleerders en/of -onderwysers baie welkom
  Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 of 082 560 5213

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies, ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287, Takkode 632-005
  **Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads**

# AGTERBLAD

## Ons lewensreis en eindbestemming

**Die Mei 2012-uitgawe van *Konteks* sal kort na die Paasnaweek aan gemeentes gepos word.**

Die buitebladbeeld met grassade (soos *gras* is ons dae) waarop reëndruppels blink, dra 'n boodskap van kortstondigheid (ons aardse lewe) met die simbool van lewe

(water) daarop. Dit vertel iets van ons lewensreis: weerlose, geknakte riete waaraan Christus se lewegewende offerbloed, opstanding en hemelvaart nuwe lewe met nuwe horisonne bied… Die vorm van die sadestingels is soos vlerke wat oopgesprei is om hemelwaarts te vlieg. Daar het in hul stowwerige bestaan bestemming gekom!

Die laaste deel van ’n reeks van drie artikels oor die Josef-verhaal met die oog op vanjaar se Bybelvasvra verskyn in hierdie uitgawe. Kyk ook na ’n fotobeeld van die Hervormde Kerk in die ring van Pretoria, en maak nader kennis met die voorsitter van die NHSV.

*** U kan steeds vir 2012 inteken en 10 uitgawes teen R140 ontvang. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**. Besoek die Kerk se webwerf **www.konteks.co.za** en lees elke keer wat in die nuutste beskikbare uitgawe verskyn.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx

# UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

In navolging van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag:

## FAKULTEIT TEOLOGIE

## DEPARTEMENT OU-TESTAMENTIESE WETENSKAP

## SENIOR LEKTOR/MEDEPROFESSOR/PROFESSOR
## (EEN POS) (VERW. 20742)

Hiermee word bekend gemaak dat 'n permanent-voltydse vakature ontstaan het in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Die pos moet ingevolge 'n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHK) deur 'n predikant van die Kerk gevul word.

**Pligte:** Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit die volgende in (maar is nie beperk nie tot): * Doseerverpligtinge op voorgraadse en nagraadse vlak in die dissipline van Ou-Testamentiese Wetenskap * Die nakom van navorsingsverpligtinge en -take soos deur die Fakulteit Teologie neergelê * Betrokkenheid by komitees van die Fakulteit Teologie * Betrokkenheid by die werksaamhede van die Departement.

**Minimum vereistes:** 'n Doktorsgraad in Ou-Testamentiese Wetenskap.

Die posvlak sal bepaal word na aanleiding van die kandidaat se professionele portefeulje. Die volgende standaarde is 'n aanduiding tot 'n bepaalde posvlak:

**Senior Lektor:** * Bewese belangstelling in Ou-Testamentiese Wetenskap (wat byvoorbeeld blyk uit akademiese en populêr-wetenskaplike publikasies).

**Medeprofessor:** * Ten minste drie jaar doseerondervinding/ betrokkenheid by 'n tersiêre onderwysinrigting * 'n Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in Ou-Testamentiese Wetenskap * Nasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus * Suksesvolle begeleiding van nagraadse studente op magistervlak.

**Professor:** * Ten minste vyf jaar doseerondervinding/ betrokkenheid by 'n tersiêre onderwysinrigting * Gepubliseerde navorsing en eweknie-beoordeelde publikasies in nasionale en internasionale geakkrediteerde tydskrifte * Internasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus * Suksesvolle begeleiding van nagraadse studente op doktorale vlak.

Die jaarlikse vergoedingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se kwalifikasie- en ervaringsvlak wees. UP onderskryf die BESTMED mediese skema en dra 50% van die toepaslike maandelikse paaiement by.

**Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen op die Universiteit se webwerf: www.up.ac.za met vermelding van die toepaslike verwysingsnommer.**

**Om aansoek te doen vir hierdie pos, heg asseblief aan:** * 'n Omvattende CV * Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies * Die name en kontakbesonderhede (e-pos en telefoonbesonderhede) van drie kontakbare referente * Die name en kontakbesonderhede van eweknie beoordelaars (akademie en navorsing) * Selfevaluering.

**Sluitingsdatum: 30 Maart 2012**

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

**Navrae:** Prof J Buitendag, tel. (012) 420 2322

**Indien daar nie teen 31 Mei 2012 met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

## www.up.ac.za skakel: Careers@UP

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Alle kandidate wat voldoen aan die aanstellingsvereistes word uitgenooi om aansoek te doen. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe, maar word nie tot sulke kandidate beperk nie. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.

SSRA 100507